



Gen 37 Waar is God in die storie?

Inleidend

Ons lees vandag een van die boeiende en waarskynlik ook een van die meer bekende verhale in die Bybel wanneer ons Josef en sy broers ontmoet in Genesis 37.

Dit is een van die verhale wat ouers al vroeg vir hulle kinders lees en wat ook grootmense se verbeelding aangryp.

- Die Nobelprys wenner vir Letterkunde van 1929 Thomas Mann het 'n reeks romans geskryf wat juis oor die verhaal van Josef en sy broers gaan.
- En die verhaal is ook opgevolg deur Webber en Rice se rock-opera: *Joseph and his amazing technicolor dreamcoat*.

Nadat ons in Genesis 30 van Josef se geboorte lees word Josef vanaf hfs 37 af die hoofpersoon van die vertelling tot aan die einde van Gen 50. Die plek wat aan Josef afgestaan word in vergelyking met die aartsvaders (Abraham, Isak en Jakob) is buite verhouding groot.

Wat die verhaal van Josef vir ons baie duidelik uitwys is die verskuiwing van Jakob in Kanaan na Israel in Egipte. En so vorm die Josef verhaal 'n skarnier hier tussen aartsvader verhale en die eksodusverhaal aan die ander kant.

Bekyk die verhaal van naderby:

Ons het hier te doen het met 'n ineenstrengeling van motiewe en komplekse verhoudinge.

Ons ontmoet vir Josef as die hooffiguur in die verhaal, maar ten spyte van die verhewe beeld wat dikwels van Josef geskets word, ontmoet ons hom hier as 'n effense arrogante tiener en 'n nuusdraer by sy pa. Josef het nare goed van die seuns van Lea teenoor die kinders van Bilha en Silpa kwytgeraak en aan Jakob oorgedra. Wat van die stories waar of nie waar was nie weet ons nie, maar baie vining kry ons die aanvoeling van familie intriges wat hier afspeel en die spanning wat in die familie ontstaan. Skinder nuus – jaloesie en spanning, ens.

Verder lees ons dat Jakob vir Josef baie lief was. Dit is ook nie net Jakob se voorliefde vir Josef wat die broers so kwaad maak het nie ons lees dat Jakob vir Josef klere maak het, 'n besondere kleed. Vlg 2 Sam 13:18 was hierdie kledingstuk die van 'n prins/es. Die rok is dus nie net 'n kledingstuk van 'n pa aan 'n kind nie, maar dit het Josef bo die ander broers uitgelig.

Die volgende interessante deel in die verhaal is om dan te lees van Josef se drome en dit is een ding om die drome te droom, maar mense wonder of Josef

nou werklik vir sy broers van die drome moes vertel? Wat ons egter moet onthou is dat drome in die antieke wereld baie meer beteken het as nou. Drome het hulle verstaan as Godgegewe en drome het destyds het werklikhede aangedui. Om 'n droom nie uittesprek nie sou beteken om dit wat aan die kom was te verhinder. Dat Josef 'n droom gehad het, was dus 'n beskikking van God.

Die vraag wat ontstaan is:

Waar is God in die verhaal? Ons sien God en hoor van God nerens nie, behalwe dat drome as Godgegewe beskou is!

Wanneer ons die verhaal van Josef begin lees hier in Gen 37 kan dit mens so intrek in al die intriges dat mens nie besef dat dit alles afspeel binne die verborge teenwoordigheid van God self nie. Iemand skryf juis en se ons lees nerens hier in Gen 37 van God nie, maar God is die eintlike hoofkarakter in die gebeure. Dit is verberg en niemand is eers bewus daarvan nie, maar wat ons moet onthou is...God het homself aan hierdie familie verbind. Hy het homself onlosmaaklik met die verbond aan hulle verbind en sy genade was nog altyd groter as hulle sonde en gebrokenheid en menslike intriges met afguns, eersug, nuusdraery en self moordadigheid. Die verhaal kom wys vir ons dat die foute en dwaashede en moedswillige ongehoorsaamhede van die familie kan nie in die pad staan van van God se pad met hulle nie. Om die waarheid te se. Hy kan dit alles vat(al hulle dwaashede, moedswillighede,

foute) en gebruik juis om sy doel te bereik.

Ons sien dit op 'n baie besondere manier aan die einde van die Josef verhaal in Gen 50:20, nadat al die intriges afgespeel het en die broers voor Josef buig na Jakob se dood dan lees ons in vers 20 dat Josef sê: *“Julle wou my kwaad aandoen, maar God wou daarmee goed doen. Hy het gesorg dat 'n groot volk nou in die lewe gebly het.”*

Baie geleerdes noem hierdie Gen 50:20 die ekwivalent van Rom 8:28 waar daar staan: *“Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir die wat hy liefhet.”*

Wat ons eintlik kan hoor is: God het 'n groter prentjie – *‘n bigger scheme of things*. En alhoewel die dramas en intriges van die lewe ons so kan intrek en God nerens te sienne is nie, speel alles af teen die skerm van God se teenwoordigheid en liefde.

MAAR ek dink dit is belangrik om te onthou:

- Nie alles in die lewe gebeur omdat God dit wil nie – die afguns, die haat, die moordadigheid in die lewe dit wil God nie. Daarteen skreeu God, protesteer God en huil God
- Maar dit beteken nie dat God afwesig is of passief sit en magteloos toekyk hoe die drama van alles afspeel nie
- Die Josef verhaal help ons om te sien hoe God die die bose vat, die pyn vat, die trane vat, onreg vat – alles vat en

bymekaar maak en daarmee iets nuuts bou, nuwe prentjies en nuwe moontlikhede, soms op versteekte en selfs onsigbare wyses. Maar Hy bly die hoofkarakter in die verhaal.

- Hierdie “bigger scheme of things” sien ons nie altyd in die oomblik nie, ons sien dit dikwels eers/soms baie later. Dit is dikwels nie iets wat mense binne in die dramas en intriges van bewus is nie. Dink deur watter trauma hierdie jong seun Josef moes gaan? Dink aan die verlies van Jacob wat sy seun verloor het. Ragel word nie eers genoem nie. Dink aan die skuldgevoelens van die broers...Maar dan aan die einde van hfs 50 lyk dit asof alles skielik sin maak, amper asof dit nie anders kon nie...

Daar is nog 'n verhaal in die OT wat hierdie waarheid mooi uitwys.

In Exodus 33 lees ons van God se verskyning aan Moses en Moses vir die Here vra dat hy in die onseker tye tog net vir God wil sien en dan nooi God vir Moses om saam met hom op die rots te kom staan Ex 33:18-23 en eers wanneer God verby is sien Moses vir God. Ons sien en verstaan God se teenwoordigheid in die lewe dikwels eers later...MAAR wanneer ons dit weet en die God begin vertrou, wat al die tyd daar was en teenwoordig is, verander dit alles aan my hier en nou (in die chaos en drama)! Al kan ek nie nou sien nie, al kan ek nie nou verstaan nie.....

- Want nou weet ek speel alles af teen die teenwoordigheid van God se troue liefde. Ons is nie alleen nie, selfs al is God se teenwoordigheid

vir ons versteek en nie duidelik sigbaar nie. Al lyk dit en voel dit of God glad nie deel is van die gebeure nie...hou ek vas aan sy teenwoordigheid

- Ek weet God roep my om getrou en gehoorsaam te bly vashou en te doen dit wat ek kan doen. Nou neem ek deel aan dit wat reg is en ek huil en rou saam oor wat verkeerd is en ek staan op vir wat reg is. Al is alles nie duidelik nie, al voel dit of ek kyk in 'n dowwe speiel.
- Nou soek ek na sy wil en probeer ek meewerk aan die groter plan en word ek nie ingetrek in die intriges en dramas wat my die groter plot van alles wil laat verloor nie.

Josef se verhaal kom herinner ons vandag dat die evangelie dikwels so werk, ons sien dit ook in die lewe van Jesus Christus. Jesus kom leef die waarheid, maar die wereld kon dit nie sien in Jesus nie en dan word hy gekruisig en doodgemaak en dit is eers nadat Hy opstaan dat die wereld en selfs sy naby dissipels in die vreemde en sinnelose gebeure die die mag en liefde en genade van God kon raaksien. En toe was hulle bereid om daarvoor te sterf.

Dalk sukkel ek en jy ook nou om God in die dramas en intriges wat om ons afspeel te sien. (Covid 19, lewensverliese, werksverlies, groot ekonomiese en politieke uitdagings, gruwelike plaamoorde, Black lives matter, all lives matter en die lysie kan

aangaan...Dalk voel dit selfs ook vir jou of God nie enigsens in die tonele is nie...

- Mag ons vashou aan die groter prentjie van God, Mag ons hierdie God vertrou wat hom vir altyd aan ons vebind het.

- Mag ons vashou daaraan dat Hy ook die sleg en die stukkend kan vat en in sy troue liefde kan nuut maak en so getrou sy storie met ons sal bly skryf.